

Wiskunde Graad 4

Kwartaal 1: Heelgetalle kleiner as 1000, Getalsinne, Optelling en Aftrekking

Januarie 2017

Totaal:55

Vraag 1

Wat is die waarde van die onderstreepte getalle:

1.1 438 400

1.2 806 6

1.3 74 70 (3)

Vraag 2

Wat is die plekwaarde van die onderstreepte getal:

2.1 492 honderde (H)

2.2 555 tiene (T) (2)

Vraag 3

Ontbind die volgende getalle bv. 428 = 4 x 100 + 2 x 10 + 8 x 1

3.1 731 7 x 100 + 3 x 10 + 1 x 1

3.2 957 9 x 100 + 5 x 10 + 7 x 1 (2)

Vraag 4

Skryf die getal wat gevorm word:

4.1 600 + 40 + 7 = 647

4.3 5 + 400 + 30 = 435

4.4 9 x 100 + 8 x 10 + 4 x 1 = 984 (3)

Vraag 5

Vul in <; > of =

5.1 $987 < 988$

5.2 $789 + 1 < 799$

5.3 $13 + 8 = 8 + 13$

5.4 $3 + 500 > 305$ (4)

Vraag 6

Rangskik die volgende getalle in stygende orde (klein na groot):

6.1 310; 371; 301; 370
301; 310; 370; 371 (1)

6.2 696; 669; 699; 666; 690
666; 669; 690; 696; 699 (1)

Vraag 7

Rond die volgende getalle af tot die naaste 10 (geen ene):

7.1 46 \approx **50**
 7.2 883 \approx **880**
 7.3 167 \approx **170**
 7.4 252 \approx **250**
 7.5 405 \approx **410** (5)

Vraag 8

Rond die volgende getalle af tot die naaste 100 (geen ene en tiene):

8.1 352 \approx **400**
 8.2 716 \approx **700**
 8.3 84 \approx **100**

8.4 $882 \approx 900$

8.5 $263 \approx 300$ (5)

Vraag 9

Beantwoord die volgende vrae:

9.1 Skryf die **kleinste getal** wat jy kan vorm met die volgende getalle:

725 257 (1)

9.2 Skryf die **grootste getal** wat jy kan vorm met die volgende getalle:

195 951 (1)

9.3 Watter **ewe getal** kom net na 662?

664 (1)

9.4 Watter **onewe getal** kom net voor 741?

739 (1)

9.5 Noem al die **onewe getalle** tussen 896 en 910

897 ; 899 ; 901 ; 903 ; 905 ; 907 ; 909 (2)

9.6 Noem al die **ewe getalle** tussen 408 en 424

410 ; 412 ; 414 ; 416 ; 418 ; 420 ; 422 (2)

Vraag 10

Voltooi die volgende getalsinne sodat albei kante van die = teken ewe groot is:

10.1 $183 + 10 = 193$

10.2 $12 + 8 = 8 + 12$

10.3 $100 - 25 = 75$

10.4 $350 - 200 - 50 = 100$

10.5 $725 + 175 = 900$ (5)

Vraag 11

- 11.1 Skat die antwoord van $476 + 227$ deur albei getalle tot die naaste 10 af te rond bv $325 + 164 \approx 330 + 160 \approx 490$

$$476 + 227 \approx 480 + 230 \approx 710 \quad (1)$$

- 11.2 Bereken nou die regte antwoord van $476 + 227$ deur albei getalle op te breek.

$$\begin{aligned} &400 + 70 + 6 + 200 + 20 + 7 \\ &= (400 + 200) + (70 + 20) + (6 + 7) \\ &= 600 + 90 + 13 \\ &= 703 \end{aligned}$$

(2)

- 11.3 Bereken die som van 589 en 346 (gebruik enige metode van jou keuse).

Antwoord: 935
Hier kan die kind enige metode gebruik wat deur die skool voorgeskryf word.

(2)

Vraag 12

- 12.1 Skat die antwoord van $748 - 564$ deur elke getal eers tot die naaste 10 af te rond bv: $543 - 296 \approx 540 - 300 \approx 240$

$$748 - 564 \approx 750 - 560 \approx 190 \quad (1)$$

- 12.2 Bereken nou die regte antwoord van $748 - 564$ deur die tweede getal op te breek.

$$\begin{aligned} &748 - 500 - 60 - 4 \\ &= 748 - 500 \longrightarrow 248 - 60 \longrightarrow 188 - 4 \longrightarrow 184 \end{aligned}$$

(2)

12.3 Wat is die verskil tussen 852 en 396? (Gebruik enige metode van jou keuse).

Antwoord: 456

Hier kan die kind enige metode gebruik wat deur die skool voorgeskryf word.

(2)

Vraag 13

Los die volgende woordprobleme op:

Die beantwoording van 'n woordprobleem verskil van skool tot skool. Oor die algemeen moet daar 'n getallesin, bewerking en antwoord wees. Hier word egter net die getallesin en antwoord verskaf

13.1 Divan spaar vir 'n lego-stel wat hy wil koop. Hy het reeds R476 gespaar. Nou moet hy nog R257 spaar. Hoeveel kos die lego-stel?

$$R476 + R257 = \square$$

$$\square = R733$$

(3)

13.2 Mia het 'n boek met 653 bladsye begin lees. Toe sy 246 bladsye gelees het, het sy uitgewerk hoeveel bladsye oor was om te lees. Hoeveel bladsye moet sy nog lees?

$$653 - 246 = \square$$

$$\square = 407 \text{ bladsye}$$

(3)

TOTAAL: 55